University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

# AFDELING C: BASISTEORIE

# 'N GEMEENTE AS PROJEKBESTUURSOMGEWING: 'N POSISIONERING

# HOOFSTUK 3

## 3.1 INLEIDING

Om 'n teologiese begronding van die kerk as projekbestuursomgewing te bepaal, behoort die wese en roeping van die kerk as geloofsgemeenskap beskryf te word. Hendriks (1999:18-19) beklemtoon die feit dat die kerk haarself moet her-posisioneer. Hy vra, tereg: "Gaan Gereformeerde Kerke groei, kwyn of verdwyn"? Die kerk is gevolglik verplig om baie krities na haar eie teologiese metodiek te gaan kyk. Hy stel dit duidelik dat die Reformasie 'n kind van sy eie tyd was en, soos daardie tyd se uurglas nou uitloop en die filosofies-teologiese foutiewe grondvoorveronderstellings van die tyd besef word, is dit tyd om grondig te reformeer. Die plek waar teologie beoefen moet word, waar inligting, kennis, insig tans ontsluit word en deurgegee word, het drie maal verskuif: van die Vatikaan na universiteite en sinodes, na die gewone lidmaat op straat wat elke dag deur duisend en een keuses gekonfronteer word (Hendriks 1999:19).

As 'n lidmaat nie self teologies kan dink en oordeel nie, word so iemand meegesleur deur die advertensie-geproklameerde afgode en korrupsie van ons tyd. Die gewone gelowige kies vandag 'n kerk wat hom of haar geestelik, emosioneel en moreel rugsteen in die stryd teen die owerhede en magte van hierdie tyd (Hendriks 1999:19). Mense soek na lewende geloofsgemeenskappe wat hulle kan verstaan en teologies bemagtig met die oog op die vrae en probleme van vandag. Gereformeerde Kerke moet hierdie uitdaging aangryp. Lidmate, veral die jong lidmate, wil hulle geloof beoefen, wil deelneem en ervaar. Hulle het 'n behoefte aan 'n geloofsbelewenis waarin hulle sintuie 'n rol speel, nie net hulle rede nie (vgl. ook Rossouw 1995:75-91 & Waldner 2002:15).

Die kerk bevind haarself gevolglik in 'n oorgangstyd of ander kultuur. Hierdie tyd veroorsaak geestelike grondverskuiwings in Suid-Afrika en ook wêreldwyd. Dié kultuur het 'n invloed op politieke, sosiale ekonomiese kulturele en ook godsdienstige terreine. Hierdie invloed bring 'n nuwe lewensgevoel, dié van die Postmodernisme. Daar behoort vervolgens as vertrekpunt gekyk word na die Postmodernisme om die kerk te posisioneer vir haar taak in dié tyd.

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

## 3.2 VERTREKPUNT

Die posisionering van die gemeente ten opsigte van haar taak, naamlik hoe 'n gemeente volgens die Skrif gelowiges behoort te begelei, stel velerlei uitdagings aan die orde. Binne die postmodernistiese filosofie is daar tans 'n groot verskeidenheid van standpunte en substrominge dat dit moeilik is om hierdie denkwyse te tipeer (Van der Walt 1999:84). In die navorsing word slegs hoë vlak waarnemings oor die geestesklimaat van die postmodernisme gemaak. Daar word selfs nie eers gewaag om 'n moontlike definisie te verwoord nie.

Wanneer die kerk sin moet maak van die Postmodernisme, impliseer dit fundamentele veranderinge in ons samelewing, veranderinge wat elke gelowige ten diepste raak. Die kerk sal moet vra of die Postmodernisme die Christelike boodskap as 'n betekenisvolle of betekenislose boodskap sal behandel. Die doel met die posisionering is om ten minste die kerk bewus te maak van die volgende dimensies en uitdagings van die tyd, naamlik:

- **Algemene kenmerke van die Postmodernisme.**

Onder Postmodernisme kan baie dinge verstaan word. Die Postmodernisme is nie net 'n nuwe styl nie maar wil 'n nuwe manier van dink wees (Van der Walt 1999:86). Dit verklaar dat die hoofideologieë van die negentiende en twintigste eeu 'n dooie punt bereik het. Die Postmodernisme verklaar almal vals, een na die ander het hulle misluk. Dit verwerp terg die verafgoding van die mag van die rede en die beperkte kennis wat dit kan bied. Die dooie punt wat bereik is in al die sosiaal-politieke paaie van die Modernisme is die eerste belangrike boodskap van die Postmodernisme (Goudzwaard 1998:2-3).

In die Postmodernistiese kultuur dien die waarheid nie langer as 'n maatstaf vir dit wat vertoon word en wat die mens sien nie – die hedendaagse kommunikasie- en televisiekultuur. Die maatstaf is die indruk wat dit maak. Die beeld wat ons sien is sterker as die werklikheid. Die wêreld, soos dit geken is, bestaan nie meer nie – beelde regeer. Die Postmodernisme verkondig dat die verskeidenheid belangriker is as die eenheid. 'n Algemene beginsel of formule wat tot 'n utopia sal lei moet vermy word. Iets wat vir die groep of hele mensdom goed sou wees, moet met agterdog bejeën word.

Die Postmodernisme leer dat jy jou moet distansieer van alle openbare standpunte. Jy kan wel luister maar moet self nie jou persoonlike bedoelings openbaar nie. Om pyn en teleurstelling te ontduik, moet jy voortdurend jou eie idees of gedagtes relativeer. Langdurige

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

en blywende oortuigings het geen waarde nie. Goudzwaard (1998:4) plaas sy argument onder die term, ironie.

- **Postmodernisme en die Christendom**

Postmodernisme sien die Christendom as 'n vennoot en medewerker in die stryd teen die universele rasionalisme en teen die verleiding van magtige ideologieë. Christene mag hulle eie plek in die hedendaagse postmoderne, plurale samelewing inneem. Daar is egter 'n voorwaarde. Die Christene moet hulleself weerhou van enige suggestie dat die Christelike geloof die weg kan wys vir 'n hele samelewing of selfs vir die mensheid as geheel. Dit sal dan verskeidenheid bedreig en ironie vernietig (Goudzwaard 1998:4). Die Christelike geloof moet tot die persoonlike, private terrein beperk word. Dit mag nie mense en samelewings aan algemene reëls en dogmas bind nie.

- **Christene maak sin van die Postmodernisme**

Goudzwaard (1998:6) beantwoord die vraag deur ons aandag te vestig op die begin van die Evangelie van Johannes. God die Vader is hier aan die woord. Hy spreek deur sy Woord, en sy Seun en deur die Heilige Gees. Hy sê dat dit deur die aktiwiteit is wat die Drie-enige God die wêreld geskep het. Hierdie geskape wêreld is daarom deur God geroep om 'n antwoord voor sy aangesig te wees. Die skepping moet op al die terreine, in al sy bestaanswyses, volgens sy eie unieke karakter 'n antwoord wees. Dit geld die wêreld van kuns en kultuur, die ekonomie, die politiek, die huwelik en nog baie ander (Goudzwaard 1998:6).

Die Christene kan na aanleiding van bogenoemde sin maak van die postmoderne tyd deur onder andere politieke mag te ontsluit tot 'n lewe van geregtigheid; om moontlike oplossings aan te bied in die geval van die ekonomiese lewe naamlik te sorg vir rentmeesterskap; om seksualiteit te ontsluit as liefde tussen mense. Die taak en rol van die Christen behoort deur so 'n optrede in 'n veranderende wêreld gesien en waardeer te kan word.

Dit is duidelik, met die enkele opmerkings oor die Postmodernisme hierbo, dat dit nie gerig is op die oplossing van die probleme van ons wêreld nie. Die kerk as menslike samelewingsverband moet Jesus as die Christus aanbied en verkondig as die oplossing vir die probleme van ons wêreld. Goudzwaard (1998:10) stel dit as volg: "Christene en nie-Christene moet hulle sáám bekeer. Sáám moet ons ons wegdraai van die slegte paaie van

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

die verlede en terugkeer na die Wil van die Vader". Die hoogste roeping van die kerk as menslike samelewingsverband is om ons lewende Antwoord, Jesus Christus, te volg in al sy weë. Deur dit te doen kan ons bevry word van sowel modernistiese selfgenoegsaamheid as postmodernistiese ondergangsdenke" (vgl ook Rossouw 1995:75-91).

Dit is gevolglik nodig dat daar nou gefokus sal word op die kerk as menslike samelewingsverband met haar unieke taak en rol in die volledige ontplooiing van ware menswees en menslike welsyn.

## 3.3 DIE KERK AS MENSLIKE SAMELEWINGSVERBAND

Die praktyk, naamlik hoe 'n gemeente as samelewingsverband bestuur behoort te word, word in Hoofstuk 4-8 bespreek. Die insigte vanuit die bestuursomgewing moet teologies geëvalueer en daarna prakties-teologies benut word met die oog op die praktyk van die kerklike lewe (Burger 1991:13-22). Bestuursomgewings (ook gemeentes) omvat alle interne en eksterne veranderlikes wat 'n invloed op die werking van die kerk het.

Die vinnnig veranderende omgewing waarbinne die kerk hom bevind, vereis nie net 'n deeglike omgewingsbewustheid by bestuur nie, maar ook 'n aanpasbaarheid in bestuursbenadering. Die wisselwerking tussen die kerk en sy omgewing, dwing die kerk tot sistematiese, geïntegreerde strategiese beplanning (vgl. Kroon 1995:51; Hellriegel et al. 1999:80-109; vgl. ook Kruger 1993:1-51). Die kerk gebruik insette van die omgewing en lewer dan uitsette waaraan daar 'n behoefte in die omgewing bestaan. Die bestuurstaak kan egter nie uitgevoer word sonder om eksterne faktore deeglik in ag te neem nie (aangepas uit Kroon 1995:53-54; Le Roux et al. 1995:76-78; Boveé et al. 1993:137-138).

Die praxis van die gemeente, die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie, soos dit in gemeenteverband (die bestuursomgewing) gestalte kry, is die fokus van die studie. Die begrip evangelie dui die normatiewe in die kommunikatiewe handeling aan. Pieterse (1993) haal Firet aan waar hy praat van die krag van die evangelie. Hierdie krag word deur die kommunikatiewe handeling en in die konkrete lewe en situasies van mense geopenbaar. Dit is 'n verlossende, bevrydende en transformerende krag (Pieterse 1993:11). God neem in alle gevalle die inisiatief in die kommunikasie van die evangelie. God maak egter van mense gebruik deur hulle in te skakel in die verloop van die kommunikasie van die evangelie.

Die voortgaande werk van die Heilige Gees in die mensewêreld is hierby ingesluit en gee sin aan hierdie handelinge. Diens aan die evangelie is dus diens aan die gebeure van die

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

evangelie wat deur die Gees moontlik gemaak word. Hierdie kommunikasie moet sinsontsluitend binne die besondere konteks geskied (Pieterse 1993:11). Die gees van onverantwoordelikheid wat in die Postmodernisme ingebed is, kan nie hierdie oplossings hierbo bied nie. Dit sal nie daarna streef om die politiek te laat terugkeer na geregtigheid, die ekonomiese lewe na sorg of seksualiteit na liefde nie (Goudzwaard 1998:9).

Om 'n teologiese perspektief op die kerk as bestuursomgewing te gee, moet die kerk se pastorale- en sosiale taak omskryf word. Hierdie take is intern en ekstern van aard. Elke onderneming (*gemeente*), gestig en bestuur deur die kundigheid en vaardigheid van die mens, het, anders as sy vestigingsplek, ook 'n bepaalde plek in die gemeenskap waarin hy funksioneer. So word die onderneming (*gemeente*) deel van die groter geheel (oorgeneem en aangepas uit Marx et al. 1991:41).

Die navorsingsbenadering in hierdie hoofstuk sluit daarom aan by die handelingswetenskaplike benadering soos van toepassing in die praktiese teologie. Die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie, soos reeds beskryf, kan nou ook buite die kerk, in die konkrete konteks van die samelewing, bestudeer word. Die handelingswetenskaplike benadering soos in hoofstuk 2 beskryf gaan van 'n Koninkrykskperspektief uit (Firet 1987:262; Pieterse 1992:326).

In die kerk gaan dit om God se handelinge en bedoelings. Die kerk of gemeente is 'n komplekse samelewingsverband met baie kante. Die kerk het 'n eie identiteit (wie is ons?); taak (wat doen ons?); werkswyse (hoe doen ons dit?); wat binne 'n bepaalde konteks moet leef (in watter omgewing werk ons?). Die ware geheim van die kerk se identiteit, is altyd haar band aan of verhouding tot God. Die kerk behoort aan God. Ons Christelike identiteit is dus dat ons in bewuste, diepe afhanklikheid van God – voor sy aangesig – moet lewe. As ons God om die een of ander rede nie in die kerk ontmoet nie, is daar fout (Van der Walt 1999:46-55).

Die kerk of gemeente word as bestuursomgewing ondersoek met die oog op die implementering van projekbestuursbeginsels in gemeentebestuur. Die verhouding tussen kerk en samelewing moet daarom onder die loep geneem word. Die werkswyse moet aan die een kant een wees waar daar na die kerk se teologiese funksie gekyk moet word (*interne funksie*). Aan die ander kant moet aandag gegee word aan die funksionering van die kerk as sosiale organisasie (*eksterne funksie*) (Pieterse 1993:13-14; ). Die kerk moet dus in die tyd waarin ons leef geposisioneer word.

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

Hierdie navorsing het die Ned. Geref. Kerk se makrogemeentes as bestuursomgewing gekies (Hoofstuk 2). Dit is dan ook gepas om veral te let op dié kerk se interpretasie van die Bybel as Woord van God, naamlik wat kerk/gemeente is (AKLAS 1992,1990 & 1994). Die basisteorie, ter sprake in hierdie hoofstuk, is die teologiese teorie wat bibliologies-dogmaties die normatief-etiese fundering van die wese en doel van die kerk weergee (Lohfink 1999:203-309; Hendriks 1992:37-38; Burger 1991:27-32; Heyns 1978:325-389).

Om 'n juiste perspektief op die kerk te vind, wat bestuurbaar is, word 'n begrip gesoek wat al God se handelinge en bedoelinge omvat. Die begrip behoort die sin van God se handelinge te openbaar en tegelykertyd die finale doel van alles aan te dui. Die begrip is die Koninkryk van God en word in punt 3.4 verdiskonteer.

Vanuit die Koninkryksperspektief word die kerk as deel van die samelewing waarin ons leef en werk, gesien. Die konkrete gemeentelike praktyk en die konteks van die samelewing waarin die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie geskied, word holisties waargeneem. Daar kan met Pieterse (1993:10-11) saamgestem word dat dit die moontlikheid bied om praktiese teologie te bedryf waarin teorie en praktyk, Woord en werklikheid, in 'n bipolêre spanningseenheid op mekaar betrek kan word (Heitink 1979:75, 189 ev., 315). Die Woord en werklikheid (*teorie en praktyk*) word dus vanuit 'n Koninkryksperspektief saam gesien en bedryf.

## 3.4 DIE KERK: HAAR WESE EN HAAR ROEPING

### 3.4.1 Perspektief op die kerk

Vanuit die uitgangspunt hierbo in punt 3.2, behoort die perspektief te fokus op die kommunikatiewe en die funksionele in die kerk. Die fokus sal dan verder noodwendig op die funksies in die kerk val. Die gemeente moet altyd as volledige kerk gesien word. Wanneer daar na die gemeente as die kerk in die kleine gekyk word vanuit die perspektief van die kommunikasie van die evangelie, is die volgende voor die hand liggend:

- Die lewende konkrete gemeente van Jesus Christus is 'n kommunikatiewe gemeenskap.
- In die gemeente vind die ontmoetingsgebeure tussen God en die mense as gelowiges in Jesus Christus plaas.
- In die gemeente vind die ontmoetingsgebeure tussen mense onderling plaas (Pieterse 1993:12).

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

- Vanuit bogenoemde ontmoeting word die evangelie in die wêreld gekommunikeer deur waardes, getuienisse, aksies en ontmoetings (Pieterse 1991:40-44).

Hierdie eerste drie ontmoetings as kommunikasie, is die kommunikatiewe handeling van mense in diens van die evangelie **(intern)**. Vanuit hiérdie ontmoetings, word die evangelie dan in die wêreld gekommunikeer deur waardes, getuienisse, aksies en ontmoetings **(ekstern)** (Pieterse 1991:40-44).

Vanuit die kommunikatiewe perspektief verstaan ons die gemeente in terme van die funksies van die kerk. Die funksies van die kerk moet, in die lig van die teologiese en empiriese kante van die kerk, in twee kategorieë onderskei word, naamlik:

- **Die pastorale funksie.** Dit is die funksie van die kerk as organisme. Hierdie funksie verseker dat die kerk aan haar doel en identiteit as liggaam van Christus beantwoord. Dit is die teologiese doel. Hierdie funksie vind intern in die gemeente plaas as ontmoetingsgebeure as kommunikasie tussen God en mense en mense onder mekaar – die geloofsgemeenskap as ontmoetingsplek. Die klassieke teologiese funksies van die kerk is die opdragte soos geïnterpreteer uit die Bybel. Dit is teologies normatiewe funksies wat dui op die taak van die gemeente. Die handelinge van die gemeente is die uitvoer van die taak. Die pastorale funksies van die gemeente behoort die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie te wees. Die pastorale funksies van die gemeente verteenwoordig verder die ontmoetingsgebeure tussen God en die mense, en mense onderling. Die pastorale hooffunksies ter sprake is: *kerugma, leiturgia, koinonia* en *diakonia*. Ander funksies in die Nuwe Testament kan verder onderskei word en aanhaak by die hooffunksies, maar vorm nie vaste patrone nie (Pieterse 1993:13). In Hoofstuk 4 word die volle omvang van hoof- en ander (newe) funksies bespreek as doelstellings, doelwitte en uitkomste of resultate. Die funksies vorm die basis van die curriculum van 'n gemeente.

Die kerk is 'n skepping van die Heilige Gees (Burger 1991:27-32). Vanuit hierdie aanname sentreer die unieke identiteit van die kerk rondom vier eienskappe, naamlik: eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit. Hierdie begrippe kan ook as kritiese teologiese teorie funksioneer in die dialektiese interaksie tussen teorie en praxis aangaande die bestaansvorm van die kerk, waarin die kerk as organisme en as organisasie normatief-krities beoordeel kan word (Pieterse 1993:14).

- **Die sosiale funksie**. Dit is die funksie van die kerk as organisasie. Hierdie funksie verseker dat die kerk as 'n menslike organisasie in die samelewing sinvol kan bestaan en optimaal kan funksioneer. Om so te funksioneer, beantwoord die kerk aan haar sosiale doel, wat weer ten nouste gekoppel is aan die kerk se teologiese doel (Pieterse 1993 :12). Wanneer na die funksionering van die kerk as sosiale organisasie gekyk word, moet die empiriese kant onder die loep geneem word – die gemeenskap as ontmoetingsplek.

Van der Ven (1993:79; vgl. veral 135-440) onderskei vier kernfunksies van die kerk as organisasie, naamlik:

- **Identiteit**. Dit het betrekking op die oortuiginge, visie, en missie van die kerk.
- **Integrasie**. Dit verwys na die kohesie, uniformiteit en pluriformiteit.
- **Beleid**. Dit dui op die kerklike beleids-, program- en projekontwikkeling.
- **Beheer**. Dit verwys na die personeel en finansiële voorwaardes en middele in die kerk.

Die sosiale kernfunksies van die kerk hierbo, is geïntegreerde funksies wat noodsaaklik is vir die kerk se bestaan as organisasie.

Die kerkmodel wat in ons postmoderne konteks die beste ruimte bied vir die optimale funksionering van die kerk, pastoraal en sosiaal, is die liggaam van Christus-model (Lohfink 1999:253-264; Lindgren 1992:43-53; Hendriks 1992:14-34; Heyns 1978:360). Die model maak dit moontlik om as gemeente van Jesus Christus binne die heilsplan van God te funksioneer. Die redes waarom die model die beste geskik is vir ons konteks, word as volg deur Pieterse (1993:12-13) saamgevat:

- Die simmetriese aard van kommunikasie tussen alle lede van die gemeente is 'n werklikheid.
- Die opboumotief staan sentraal.
- Groepsbediening kan tot sy reg kom.
- Geestelike volwassenheid en spiritualiteit is die doel.
- Bied ruimte vir koinonia en eenheid in liefde.
- Dit skep ruimte vir die gemeente om sosiaal en polities in die samelewing betrokke te raak.

Die uitdaging vir die gemeentes is om hulle funksionering (die praktyk) te omvorm tot die ideaal. Hierdie uitdaging gaan gepaard met verandering waar erns gemaak word met die ideaal en die werklikheid. Die kloof wat bestaan tussen die normatief-etiese ideaal wat vir die gemeentelike praxis gestel word, en die werklikheid van die konkrete situasie, moet oorbrug word. Die manier om dit te oorbrug, is om nie net na te dink oor die ideaal (normatiewe aspek) vir gemeentefunksionering nie, maar om kennis te neem van waar die gemeente haar bevind (praktykkennis) op die weg na die ideaal (Burger 1991:150).

Vos (2000:172-174) maak tereg die opmerking dat kerklike instellings nie die uitwerking van veranderings vrygespring het nie. Die verhouding tussen kerk, teologie en konteks is met spanning, onsekerheid en agterdog gelaai. Daarom moet ons ons inspan om oor dié verhouding noukeurig te besin en om klaarheid hieroor te probeer kry.

Die verhouding tussen kerk en samelewing moet daarom in perspektief geplaas word. Die kerk as draer van die Bybelse boodskap moet kontemporêr gesien, uit verskillende gesigshoeke of perspektiewe beskou word. Heitink (1999:66-67) praat van gestaltes van die kerk wat in die nadenke oor die kerk nie geïgnoreer mag word nie. Die gestaltes ter sprake, is die volgende:

- Sosiale gestalte - dit is die sosiale betrokkenheid van Christene in die algemeen. Die kerk as menslike organisasie in die moderne samelewing.
- Die individuele gestalte - dit is die toewyding en diens van individuele Christene wat nie noodwendig kerklik betrokke is nie.
- Die publieke gestalte – dit is die maatskaplike en politieke betrokkenheid by die vrae en nood van die samelewing.

Hierdie betrokkenheid neem die vorm aan van aksies, bewegings en organisasies, waarbinne Christene met die lotgenote en bondgenote saamwerk. Bogenoemde feite is belangrik om Heitink (1999:67) se opmerking oor die gestaltes van geloof waar te neem "...Maar ook individuele en publieke gestalten van geloven worden vanuit die sociale gestalte, die we kerk noemen, gevoed". Hierdie aard van die kerk bring mee dat die kerk haar verhouding met die samelewing moet ondersoek en ken (Vos 2000:174).

Heitink (1999:67-77) neem dan bogenoemde insette om verskillende prosesse in die samelewing waar te neem en die samelewing dan te onderskei en te beskryf naamlik: differensiasie, sekularisasie, individualisering en pluraliteit. Vos (2000:177) neem nog 'n

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

proses waar wat hy by die groep voeg, naamlik globalisering. Die kerk is deel van hierdie samelewing (wêreld) en moet haarself nie net hierin vind nie, maar baie duidelik posisioneer.

## 3.5 DIE KERK IN KONINKRYKSPERSPEKTIEF

### 3.5.1 Grondplan van die Bybel

As vertrekpunt word van die sinoptiese evangelies uitgegaan wat eenstemmig is in dié opsig dat Jesus die Koninkryk van God ten tye van sy optrede in Galilea verkondig het en mense opgeroep het om hulle lewens dienooreenkomstig in te rig (Matt. 4:17; Mark. 1:15; vgl. ook Luk. 4:14-15). Vos (1996:81-96) ondersoek die tema "God se Koninkryk in die Nuwe Testament", volgens die Evangelie van Markus, Matteus en Lukas en is van oortuiging dat die woord "koninkryk" verskillende betekenismoontlikhede het. Die bepaalde konteks waarbinne elkeen van die Evangeliste die term gebruik, bepaal die betekenis daarvan.

In die Bybel vind ons dié verhaal wat net één boodskap wil kommunikeer: God se handeling met die wêreld, waaruit daar één oproep tot die mens kom: dien God in alles (Heyns 1994:9). Hierdie verhaal van die Bybel met sy één sentrale boodskap, het ten doel om alle onderdele saam te bind en die verskeidenheid in 'n eenheid saam te trek. Heyns (1994:1-11) argumenteer dat daar geen beter begrip is wat as samevatting en uitdrukking van die Skrifinhoud diens kan doen, as dié van die Koninkryk van God nie. Du Toit (2000:545) daarenteen het die volgende standpunt: "The encounter between God and man, as reflected in the Bible, is as all-encompassing that it cannot be compressed into the semantic scope of one single term". Hy stem egter met Joubert (1993:91-92) saam dat die term Koninkryk van God, die kern vorm van die boodskap van die historiese Jesus (Du Toit 2000: 545).

Du Toit (2000:545-562) ondersoek inderdaad die term "Koninkryk van God" in Matteus en is gevolglik reg as hy sê "… Matthew's message of the kingdom of God did not take place in a vacuum. It was targeted at the spesific needs of his audience". Sy gevolgtrekking uit die waarneming in Matteus is

> "We have lost sight of the wholly otherness of the kingdom of God and the God of the kingdom. We have forgotten the radicality of the kingdom offer, its joy, its liberational character. We certainly have lost sight of the radicality of its demand. We should never lose sight of the momentous character of the Christ event which changed history for ever and made this life worth living. This kingdom is

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

theocratic and dynamic in character. It has cosmic scope, and although it is not a political entity as such, it has thoroughgoing implications for politics, social behavior, the economy – for all fields of human endeavour" (Du Toit 2000:561).

Die boodskap van die Koninkryk van God in Matteus word soos volg saamgevat in die handeling van Matteus as "...Thus, he himself, as the scribe who became a pupil in the kingdom of heaven, found things both old and new in the kingdom treasure box, and could present these 'jewels' to his readers" (Du Toit 2000:561).

Van der Ven (1990:81-88 & 1993:69–76) benader die Koninkryk van God vanuit sy eskatologiese perspektief soos volg: hy verkies om van die "*basileia symbol*" te praat. Daar is twee redes hiervoor. Eerstens word die Griekse term *basileia* gebruik om konnotasies soos *kingdom of God* en *monarchy of God* te vermy. Tweedens verkies hy om die woord *symbol* te gebruik en vermy hy die terme *term, idea* en *concept.* Hy argumenteer soos volg oor die toepassing en eksegese van die tekste wat in Matteus, Markus en Lukas gebruik word in Jesus se prediking en praxis van God se *basileia* (koninkryk):

- "Jesus' preaching and praxis of God's *basileia* were not aimed at passing on a religious doctrine or a system of religious notions. This becomes clear immediately if one looks at the texts in which God's *basileia* is referred to in words and which careful exegetical research has been able to ascribe to Jesus himself:
    - The statements about God's *basileia* (Luk. 11:20; 17:20-21; Matt. 11:12), the Lords Prayer, the wisdom sayings and the parables (Van der Ven 1993:69). In addition to and in conjunction with the element of proclamation, these four types of texts also contain an element of paranesis, meaning man's response to the proclamation of the nearness of the *basileia.* In the *basileia* proclamations the listener is drawn into the conflict between God and the powers of evil. In the Lord's Prayer God's forgivness is coupled with man's forgiveness of his fellow man. The wisdom sayings put forth a radical claim to a new standpoint, and the parables contain the shocking call to conversion and commitment (Van der Ven 1993:73). The symbol is intended to inspire the listener and the reader to a 'disclosure experience' and a resulting sense of commitment. It cannot be reduced to a single meaning; it is multi-significative. Each wisdom saying and each parable points to a new aspect of the meaning of God's *basileia"* (Van der Ven 1993:69).

Heyns (1994:10-11) argumenteer oor die Koninkryk van God as grondplan van die Bybel en omskryf die term soos volg: die Koninkryk van God is sy heerskappy oor en die gehoorsame aanvaarding daarvan deur sy onderdane. Die Koninkryk van God breek deur daar waar sy onderdane aan hul Godgegewe bestemming beantwoord. Die Koninkryk van God is die triomf van God se wil. Hy is van mening dat daar nie 'n enkele boek in die Bybel is waar die saak van die Koninkryk of bepaalde komponente daarvan nie aanwesig is nie. Daarom gaan Heyns (1994) voort om te beweer dat met vrymoedigheid beweer kan word dat dit in die ganse openbaringsgeskiedenis van die Ou en die Nuwe Testament gaan om die Koninkryk van God.

### 3.5.2 Nuwe werklikheid

Die sinoptiese evangelies bied nie 'n duidelike omskrywing van Jesus se siening oor die saak nie. Jesus gebruik die term "Koninkryk van God" as 'n "meestersimbool" om 'n nuwe werklikheid wat hyself ingelei het, onder woorde te bring. Hierdie term verwys gevolglik na die realiteit wat Jesus tydens sy optrede op aarde verkondig het (Joubert 1993:95).

Die term "Koninkryk van God" verwys nie na 'n sekere area of plek, waar God regeer nie. "The meaning of this phrase in the New Testament involves not a particular place or special period of time but the fact of ruling… it should be understood as 'accepting God's rule' or welcoming God to rule over (Du Toit 2000:550). Koninkryk van God kan daarom die beste vertaal word met …"reign of God" or " God's kingly rule" (Du Toit 2000:550). Hierdie term bring mense in 'n krisis. "It challenges people to make an existential decision" (Matt. 3:1-12; 4:17). Lohfink (1999:134-139) stem hiermee saam. Hy argumenteer vanuit sy siening van die Koninkryk van God naamlik "…the 'Todayness' of the Reign of God". Hy redeneer dat God klaar gehandel het. Dit wat in Jesus Christus gebeur het, het vir mense gebeur. "God has taken the initiative. God alone gives the *basileia*. It is for the people of God to respond. God's action makes human action possible" (Lohfink 1999:134). Die Koninkryk van God is reeds in Christus aan mense aangebied.

Jesus se siening oor die Koninkryk van God word hoofsaaklik in die sinoptiese evangelies verwoord. Die term "koninkryk" was gevolglik vir Hom 'n meestersimbool om die realiteit wat tydens sy eie bediening aangebreek het, onder woorde te bring (Joubert 1993:105). Dit was vir Hom 'n werklikheid onderskeibaar van ander werklikhede met die volgende inhoud:

- Jesus self was die brenger van die Koninkryk van God. Dit vestig die nuwe Goddelike werklikheid en word gevestig in die persoon en werk van Jesus self.
- Jesus kom stel God aan die mense van sy tyd op 'n nuwe wyse bekend. God is hoof van die ganse wêreld en is Vader van almal wat deel word van die Koninkryk van God.
- Jesus bring die goeie nuus dat daar plek is vir almal binne die Koninkryk van God – veral die sondaars en eerloses.
- Die Koninkryk van God het reeds sigbaar aangebreek en is sigbaar in die wonderwerke van Jesus. Dit is egter ook nog op pad wanneer Jesus met die wederkoms sal terugkeer na die wêreld om die Koninkryk eens en vir altyd sigbaar te vestig.
- Jesus kom deel die wêreld (mense) mee dat die Koninkryk van God oral waar Jesus se navolgers hulle bevind, aanwesig is
  (Joubert 1993:105-106).

### 3.5.3 Gemeentewees in die perspektief van die Koninkryk

Vir die kerk en die praktiese Christelike lewe en vir die teoretiese Christelike lewens- en wêreldbeskouing, vir die ganse aardse bestaan van die mens, is die Koninkryk van God van fundamentele en lewensbelang (Heyns 1994:11). Vos (2000:181) roep die kerk op om binne die Koninkryksperspektief kerk in en vir die wêreld te wees. Dit is die aanvaarding van God se "ja" teenoor die wêreld. Die aanvaarding van hierdie opdrag laat die kerk deelneem aan die gesprek oor die waardes en norme, medies-etiese sake, inrigting van 'n regverdige bestaan, geweld en armoede. Kerk vanuit Koninkryksperspektief beteken verder:

- Erken en aanvaar mense – maak ruimte vir die individu.
- Word 'n ruimte vir die gemeenskap.
- Aanvaar die diens aan die ander.
- Aanvaar haar sosiale en publieke verantwoordelikheid (Vos 2000:182; vgl. ook Nel 1994:22-25).

Dit is die Koninkryk wat ons denke normeer en daaraan inhoud en perspektief gee; dit modelleer ons lewe en voorsien ons van vorm en styl. As dinamies ontwikkelende, normatiewe werklikheid, is dit die Koninkryk wat ons leer om die verlede nie gering te ag nie, die hede nie te ooraksentueer of te onderwaardeer nie, en die hoop vir, en die uitsig op die toekoms, nie te laat verdof nie (Heyns 1994:11). So word die kerk die ruimte waar bestaansvrae aan die bod kom naamlik vrae oor die dood en lyding; ruimte waar moed geskep en hoop geskenk word. Die kerk word die ruimte waar geloofstradisie bemiddel word

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

deur die liturgie en die preek. Die kerk is die ruimte waar mense bygestaan word in die sleutelmomente van hulle lewe: geboorte, huwelik en rou (Vos 2000:182; Heyns 1994:11). Die projekbestuurder, met as bestuurshulpmiddel, projekbestuur, moet instrumenteel in die hande van hulle wees wat deel geword het van die Koninkryk van God. Projekbestuur behoort binne Koninkryksperspektief mense te begelei om kerk van God te wees.

## 3.6 DIE KERK EN SAMELEWING IN PERSPEKTIEF

Die kerk worstel met die vraag hoe om kerk in die moderne tyd te wees. Daar moet gevolglik oor dié verhouding noukeurig besin word (Vos 2000:173-174).

Van die teologie word verwag dat dit 'n ontmoeting tussen Woord en werklikheid sal bemiddel. Die eis aan die teologie is dat dit meer handelingsgeoriënteerd sal wees ten einde die Christelike geloof in die samelewing te bemiddel (Vos 2000:182). Die konteks waarin die kerk moet funksioneer, is nie net teologies pastoraal van aard nie (pastorale funksie). Die kerk bevind hom noodwendig ook midde in die samelewing (sosiale funksie).

Heitink (1999:67) verkies om nie van die kerk in terme van teologiese woorde te praat nie (Volk van God, Liggaam van Christus) maar in terme van gestaltes van die Christelike geloof soos hierbo reeds na verwys. Heitink (1999) se onderskeid van die vier prosesse (vroeër genoem) as kenmerke van die moderne samelewing word deur Vos (2000: 177) aangevul met nog een proses naamlik, globalisering. Die kerk het daarom die taak en funksie om haar verhouding met die samelewing in die lig van die prosesse te ondersoek en haarself te posisioneer om antwoorde te verskaf.

- Differensiasie. Die eenheid van die lewe maak plek vir segmentasie en fragmentasie. Daar vind 'n versplintering op die gebied van die private, sosiale en publieke wêreld plaas (Vos 2000:177; vgl. ook Heitink 1999:67-70 ).
- Sekularisasie. Die ondergang en agteruitgang van die kerk. Die vermindering van godsdienstigheid, maar tegelyk ook die soeke na die egtheid van geloof (Vos 2000:179; vgl. ook Heitink 1999:70-72).
- Individualisering. Die eiebelang en onttrekking. Eensaamheid as resultaat dui op geslotenheid en uitsluiting van 'n gemeenskap. In kerklike terme lei individualisering daartoe dat mense die kerk opsoek as hulle behoefte daaraan het (Vos 2000:180; vgl. ook Heitink 1999:72-73).

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

- Pluraliteit. Die aanduiding van die skerperwordende verskeidenheid van kulturele gewoontes en opvattinge. Op godsdienstige vlak dui pluraliteit op geloof in meervoud – om antwoorde te soek op 'n lewe in meervoud (Vos 2000:180-181; vgl. ook Heitink 1999:73-77).
- Globalisering. Die "global village" gedagte. Die beweeglikheid van kapitaal, tegnologie, inligting en vaardighede as't ware vanuit jou eie studeerkamer via die rekenaar en internet (Vos 2000:177).

Die kerk is daarom 'n uitsonderlike, eiesoortige gemeenskap. Hierdie gemeenskap is deur God self in die lewe geroep en word deur Hom in stand gehou. In die leer van die kerk, in navolging van die Apostoliese Geloofsbelydenis, word die kerk behandel onder die Pneumatologie (Burger 1991:27-32; Heyns 1978:352-389; N.G.K.B. art. 27; H.K.S. 21, 30, 31).

Die werklikheid van die kerk is verder dat dit ook 'n menslike instansie is. Dat die kerk 'n pneumatologiese werklikheid is, doen niks afbreek aan die feit dat van 'n sekere kant gesien, die kerk ook 'n antropologiese werklikheid is nie, dit wil sê 'n gemeenskap van gewone mense. Die Heilige Gees skakel die mens nie uit nie, maar in, as deel van sy werkswyse. Die betekenis van die geloof dat die kerk 'n skepping van die Gees is, is dat die kerk in 'n oop werklikheid leef. Dié bestaan maak die kerk nie los van die geskape werklikheid nie, maar juis deel daarvan. Die teenwoordigheid van die Gees in die kerk onthef ons nie van ons menslike verantwoordelikheid en funksies nie. Wanneer die Gees oor mense kom, hou hulle nie op om mense te wees nie (Burger 1991:28-29).

Daar word met Louw (1993:17) saamgestem in sy stelling: "Hiermee wil ons geensins afbreuk doen aan die onmiskenbare waarheid dat God self op soewereine wyse werksaam is in die koms van sy Koninkryk nie. Inderdaad breek die Koninkryk van die hemel vir homself 'n pad oop (Matt. 11:12). Dit is trouens deel van die sekerheid waaruit gelowiges lewe. En tog is dit geopenbaarde waarheid dat God sy Koninkryk laat aanbreek deur die diens van mense heen".

In die kerk moet gevra word na die wyse waarop God mense gebruik om ander mense met die evangelie te bereik. God wil deur sy Woord mense bereik en 'n heilsrelasie tot stand bring (Louw 1993:17). Oor die inhoud van hierdie heil besin die sistematiese teologie (dogmatiek); die praktiese teologie gee aandag aan die heilsbemiddeling (Pieterse 1991:37; Burger 1991:27-32).

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

Die gemeente as die kerk in die kleine, is 'n gemeenskap van gewone mense wat so aangegryp is deur die bevrydingskrag van die evangelie, dat hulle met alle moontlike middele en met al die gawes van die Gees waaroor hulle beskik, aan hierdie boodskap konkrete gestalte wil gee in die eietydse werklikheid waarin hulle hulself bevind. Vanselfsprekend veronderstel dit dan 'n deeglike kennis van hierdie werklikheid, bepaaldelik van die eksistensiële vraagstukke van die dag waarop die evangelie van Christus inderdaad die antwoord bied – noodsaaklikerwys in die taalidioom en styl wat aansluit by die leefwêreld van die moderne mens (Louw 1993:16-17).

Vanuit hierdie perspektief kan 'n mens onmoontlik nog langer oor die gemeente dink as 'n statiese werklikheid. Daar sal baie meer dinamies, pneumatologies en selfs gewoon antropologies oor die kerk gedink moet word. Terwyl die sistematiese teologie tereg klem lê op die kerk as skepping van die Gees in navolging van Christus, is dit die taak en roeping van die praktiese teologie om aandag te vra vir die kerk as menslike instansie, want elke kerk/gemeente is en bly 'n gemeenskap van gewone mense (Burger 1991:28).

## 3.7 POSISIONERING VAN DIE KERK IN 'N POSTMODERNE KULTUUR

Dit is belangrik in 'n poging om die kerk te posisioneer om te weet dat die Postmodernisme die Christendom nie uitsluit uit die talle ideologieë, nie maar dit juis insluit. In die proses mag die hoop op vernuwing van die Westerse wêreld nooit deur die kerk laat vaar word nie. Daar moet volhardend van die helende Evangelie van Jesus Christus getuig word.

Die Westerse wêreld staan geestelik en materieel op die kruispunt van die pad. Die kerk sal in die tyd mense moet begelei om na Auschwitz, Bosnië, 11 September 2001, Zimbabwe en vele ander, ernstig te kyk. Die kyker sal dan moet omdraai, na die oorsake daarvan kyk, tot inkeer kom en bely dat al hierdie dinge geen antwoord op die Woord van God gee nie. Die kerk sal Christus aan die wêreld op die kruispunt van dié pad moet bekend stel. Sy staan daar as die Woord van God, meer besonderlik as die korrekte antwoord van die mens se kant.

### 3.7.1 Postmodernisme[1] in perspektief

Dimensies en uitdagings van die Postmoderne kultuur: Die oorgang vanaf 'n Moderne kultuur na 'n Postmoderne kultuur stel die kerk voor velerlei uitdagings. Die kerk sal moet soek na maniere hoe op hierdie uitdagings geantwoord gaan word.

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

Rossouw (1995:75-91) stel dimensies en uitdagings van die Postmoderne kultuur aan die orde. Hy nooi die teologie, predikante en die kerk om in gesprek te tree hieroor in 'n poging om die kerk te posisioneer vir haar taak in die tyd. Enkele kursoriese opmerkings oor van die dimensies en uitdagings is gepas, naamlik:

- **Verwaarlosing van die etiek.** Die moderne kennisideaal het bepaal dat ons slegs met sekerheid kan praat oor dit wat feitelik bewys kan word. Uitsprake wat nie op hierdie basis gegrond kan word nie, is afgemaak as betekenisloos. Die gevolg was dat etiese vrae erg verwaarloos is. Die vraag moet gevra word wat gaan die kerk in die Postmoderne tyd/kultuur mense aanbied wat op soek is na etiese riglyne in hulle lewe, werk, politiek?, ens.
- **Rasionele mensbeeld.** Die moderne wetenskap het die mens toenemend begin voorstel as 'n wese wat altyd suiwer rasioneel en goed beredeneerd optree. Sodoende is die emosionele en wilsdimensie van die moderne mens erenstig verwaarloos. Die kerk het ook hierin meegedoen, aangesien die prediking en bediening almeer rasioneel en serebraal geword het. Die kerk sal weer die balans moet moet herstel en aandag gee aan die totale mens.
- **Oorspesialisering en kompartementalisering.** Die moderne mens is al hoe meer gedwing om (vak)-spesialiste te word. Mense weet meer en meer oor minder en minder. Dit het die gevolg dat die groter beeld oor waarom die lewe gaan en waar my lewe inpas by die groter geheel al vaer word. Die kerk sal haar so moet posisioneer om mense toe te rus om aan hulle hierdie groter beeld te verkondig. Sodoende sal die kerk mense kan help om weer heelheid en betekenis in hulle lewens te ervaar.
- **Eksperts en ervaring.** In die moderne wêreld is besluite meer en meer aan eksperts oorgelaat, aangesien daar aanvaar is dat dat hulle die beste weet. Tans word daar hewig protes aangeteken deur allerlei groepe (feministe en sosiale drukgroepe) wat gemarginaliseer is in die proses. Besluite, op hulle aandrang, moet gedemokratiseer word. Het die kerk haar hieraan skuldig gemaak? Hoe kan die kerk haar posisioneer om dit te herstel?

---

[1] Enkele werke wat in die laaste dekade op die gebied van die Postmodernisme die lig gesien het, bied waardevolle inligting oor die saak in geheel (vgl. Forster (ed) (1983); Crook, Pakulski & Walter (1992), Lash & Friedman (1992); Norris (1993 & 1990); Appignanesi (ed) (1993); Heyns (1998); Rossouw (ed) (1995); Geertsema (1998); Goudzwaard (1998); Van der Walt (1999); Du Toit (2001) en vele ander.

- **"Global Village".** Die geweldige vooruitgang in kommunikasie en mobiliteit het daartoe gelei dat die wêreld gekrimp het tot 'n globale dorp waar mense van verskillende tale, kulture en gelowe daagliks met mekaar skouers skuur. Hierdie ontwikkeling plaas Christene in 'n situasie waar hulle hulself toenemend moet verantwoord teenoor mense van ander gelowe. Dit laat onvermydelik vrae by gelowiges ontstaan. Wat is my verantwoordelikheid teenoor gelowiges van ander godsdienste? Is die Christelike godsdiens die enigste ware godsdiens – of bevat ander godsdienste 'n element van die waarheid? Die vraag aan die kerk is hoe sy die behoeftes van lidmate in hierdie opsig gaan aanspreek.

#### 3.7.1.1 Die geesteskliimaat van die Postmodernisme

Postmodernisme soos reeds opgemerk, wil 'n nuwe manier van dink wees. Dit gaan ook nie net om veranderinge ten opsigte van enkele onderdele van die Westerse kultuur nie, maar oor die geheel. Die Postmodernisme is 'n irrasionalistiese reaksie op die rasionalisme. Dit verwerp die verafgoding van die mag van die rede. Dit is daarom noodwendig die gevolg en voltooiing van die sekulariseringsproses.

Die mens kan volgens hierdie lewensvisie dink en leef sonder om antwoorde op die Woord van God te gee. Godsdiens (ook die Christelike godsdiens) word as 'n persoonlike saak beskou – moet tot die private lewe beperk word (Van der Walt 1998:84-91; vgl. ook Goudzwaard 1998:1-10; Lyotard 1993:7-10). Die Postmodernisme stuit nie, maar bevorder slegs die sekulariseringsproses van die vorige eeu (vgl. Hendriks 2001:16).

Die verskuiwing van 'n moderne na 'n postmoderne kultuur vra noodwendig 'n nuwe teologiese refleksie. Rossouw (1995:76, 75-91) stel dit as volg: "This culture shift, that is still in the making, brings a new self - and world understanding with it. Theology therefore has to reflect on the implications and compatibility of this new understanding of self and world for Christian understanding of reality as revealed in the Bible and other relevant texts".

#### 3.7.1.2 Die taak van die kerk in 'n Postmoderne samelewing

Die belangrikste vrae wat in dié opsig gevra moet word, is of die kerk werklik die Koninkryk van God op alle terreine verkondig en uitleef?. Leef gelowiges in alles in diepe afhanklikheid van God? Die kerk moet sensitief wees vir die nuwe lewensgevoel – die Postmodernisme. Sonder om die lewensgevoel goed te keur, behoort die kerk dit as 'n aanknopingspunt te

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

gebruik om die evangelie op 'n relevante wyse aan die moderne of hedendaagse mens te verkondig. Die kerk mag nie self Postmodernisties word nie, maar moet die Postmodernistiese mens op innoverende wyses bedien. Die "nuwe" behoeftes en vrae sal - in die lig van die Bybel – van "nuwe" antwoorde voorsien moet word (Van der Walt 1998:91; vgl. ook Rossouw 1995:75-91).

Die kerk sal bereid moet wees om haar vormgewing te verander. Daar sal 'n vernuwing en nie net bloot 'n verandering moet plaasvind nie. Van der Walt (1998:92) sien hierdie vernuwing in die volgende:

- Reformasie. 'n Nuwe lewensvisie.
- Herlewing. 'n Nuwe lewenswandel (vgl. ook Hendriks 2001:16 & Joubert 2002:30).

Die verantwoordelikheid wat die kerk in die proses moet nakom, is om gewoon haar kernfunksies deeglik te vervul. Die navorser is van mening dat dit bereik kan word deur 'n projekbestuursmodel vir kerkbestuur te ontwikkel – die doelstelling. Die navorsing se doelwitte, om die doelstelling te bereik, is om 'n curriculum (vir kernbedieninge) vir die kerk te ontwikkel en te implementeer (Harris 1998:75-159). Dit moet dan 'n bydrae lewer om die kerk in staat te stel om erns te maak met haar kernbedieninge. Die inhoud van die curriculum is naamlik: verkondiging (kerygma), onderlinge gemeenskap (koinonia), aanbidding (leiturgia) en dienswerk (diakonia). Die kernbedieninge van die kerk behoort aangevul te word deur verwante bedieninge soos behoeftes van tyd tot tyd in gemeentes mag ontstaan. Behoeftes behoort van tyd tot tyd en van gemeente tot gemeente te verskil **(Bylaag C, D en E).**

Die vormgewing aan en konteks waarbinne die funksies moet plaasvind, is dat die leer nie verwaarloos mag word nie, maar dat die uitlewe van die leer voorop moet staan. Die kerk moet die (postmodernistiese) mens huisves deur hom en haar so te bedien dat die Koninkryk van God deurlopend in en deur hulle dienswerk sal aanbreek.

Dié vormgewing het volgens die navorser, onder andere, veral nodig geword sedert die verskyning van die boek *God? Geloof in 'n postmoderne tyd* (Du Toit 2000). Sedert die verskyning van die boek is hewige kritiek daarop uitgespreek (Die Kerkbode 2001). Daar kan (behoort) met van die stellings in die boek verskil te word deur teologies en eksegeties verantwoordelike debat daaroor te voer. Die waarde van die boek lê egter vir die navorser in aansluiting by ander daarin dat Du Toit (2000) daarin slaag om die volgende te bereik:

- God word (deur gelowiges) in feitlik alle samelewingsfere as afwesig beleef.
- Hy beskryf die postmoderne tyd waarin ons leef as 'n versplinterde en verwarde samelewing.
- Die "gelowige" se belewing van die tyd word in terme van rigtingloos en sinloosheid beskryf.
- Die kerklike strukture (vormgewing) wat veronderstel was om oplossings te bied en antwoorde te verskaf, word as mislukkings uitgewys.
- Dat ons saam met en in die postmoderniteit kan dink en leef.
- Die positiewe elemente van die postmoderniteit behoort te gebruik om die negatiewe uit te skakel
- Dit dwing (dring) die gelowige om (soos hy gedoen het) in 'n postmoderne tyd op nuut te vra na die volgende:

    - Die interpretasie van die Bybel.
    - God en die duiwel.
    - Jesus en die sonde.
    - Die Heilige Gees en die kerk.

### 3.7.1.3 Hoe kom die kerk in pas?

Die navorser sluit aan by Hendriks (2001:16) deur te verklaar dat daar niks met die boodskap van Christus skort nie. Dit is die enigste weg na geregtigheid en vrede. Die kerk wat dit bely, is geloofwaardig en word die sout van die samelewing as op God gefokus word, die evangelie geleef word en as jou naaste se nood jou raak (vgl. ook Buitendag 2001:91-108). Dit beteken die bereidheid om die kruis te dra (Joubert 2002:30). Die vraag is hoe word dit in die samelewing gedoen? Buitendag (2001:104-108); Hendriks (2001) en Joubert (2002) is *ad idem* oor die praktyk van die **hoe** van kerkwees in die 21ste eeu.

Die volgende kan onder andere deel vorm van die kerk se mondering om in pas te kom:

- 'n Persoonlike geloofsbeslissing van elke lidmaat.
- 'n Belydenis deur elke gelowige van wat die Skrif sê.
- Die kerk moet ruimte skep vir "gewone gelowiges" om eienaarskap te neem van prosesse in gemeentes.
- Kerklidmate wat beginselvas in die openbare lewe kan leef en getuig.
- Die dienskneggestalte van Jesus moet in elke gelowige sigbaar word.

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

- Geesvervulde lidmate.
- Sensitiwiteit vir die nood van die wêreld moet aangekweek word.
- Dit gaan bo alles nie om die kerk nie maar oor God, sy eer en 'n manier van lewe wat waarde toevoeg aan sy skepping.

Waldner (2002:2) rapporteer oor 'n poging van 'n groep in die NG Kerk om in pas te kom deur te verwys na die NG Kerk se "krisis-konferensie". Die agenda van die konferensie, getiteld "Die Bybel en die Krisis in die Kerk" is besware oor die nuwe verwikkelinge in die kerk. Daar is altesaam sestien soorte "krisisse", oor die volle spektrum van die kerk se leer en lewe, wat gedebatteer gaan word. Die vraag kan gevra word of dit die (beste) manier is hoe die kerk in pas moet kom?

Die navorsing beoog om in die hoofstukke wat volg, die leser te begelei en toe te rus om die projekbestuursmodel vir gemeentebestuur te verstaan en toe te pas. Die doel van die model behoort 'n bestuurshulpmiddel vir makrogemeentes te wees om haar identiteit op 'n eietydse wyse te vergestalt. Elke makrogemeente het 'n eie konteks waarbinne sy optree en haar identiteit behoort as sodanig gestalte binne die unieke konteks te kry. Die eie tyd, omstandighede, kultuur en geestesklimaat speel 'n belangrike rol in die gestaltegewing van die kerk. Die kerk moet daarom eietyds en dus relevant bestuur word. 'n Visie en missie van die kerk behoort gevolglik so geformuleer te word dat dit die mens van sy tyd raak.

### 3.7.2 Die kerk as alternatiewe gemeenskap

Die kerk in die Postmoderne tyd kan niks anders wees as is 'n alternatiewe gemeenskap nie (vgl. Bosch 1992). Hierdie alternatiewe gemeenskap bestaan sedert die koms van die Here Jesus en die aanbreek van die Koninkryk van God. Hierdie alternatief wat Jesus kom vestig het, was so radikaal dat Hy daarvoor gekruisig is.

> "What Jesus offered, belonged to another order, on a total different level. And therefore this man from Nazareth was so insufferable and disgusting. They had to get rid of Him at all cost, so as to be able, once again, to continue undisturbed with their own trivialities and mutual squabbles. Therefore they declared war on Jesus, total war" (Bosch 1992:1-34). Die "hulle" hier ter sprake, was die Sadduseërs, Fariseers, Selote en Esseners.

Opvallend dat in resente jare weer opnuut op die kerk se gemeenskapskarakter gefokus word - die kerk as 'n nuwe en unieke gemeenskap (Buitendag 2000:91-108; vgl. Ook Dingemans 2000). Hierdie "nuwe" wat Jesus kom vestig het, het verreikende gevolge vir die kerk sedert die eerste eeu. Die betekenis en uitdaging van hierdie "nuwe" vir ons tyd word deur Dingemans (2000:227) soos volg verwoord: "Voor ons tijd betekent dat, dat kerk en theologie de (post)moderne cultuur volstrekt serieus moeten nemen en moeten proberen binnen dat kader de relevantie van het Evangelie te laten zien. Kerken moeten weer echt 'ontmoetingsplaatsen' tussen traditie en situatie worden".

### 3.7.3 Geloofsgemeenskap as ontmoetingsplek

In die kerk vind daar 'n ontmoeting tussen God en die gelowige plaas "...Mensen zoeken het Heilige en Onuitsprekelijke – en de Roepende biedt zich op eigen wijze aan mensen aan. Anders meer korrek gestel.... God biedt zich al eeuwenlang via de stroom van christendom en kerk aan mensen aan en mensen zoeken in elke generatie – en ieder in zijn of haar eigen leven – via de christelike geloofsgemeenskapen weer opnieuw God" (Dingemans 2000:228). Die doel van die navorsing is om 'n bydrae te maak om gemeentes te help om as geloofsgemeenskap hierdie taak na behore uit te voer. Die instrument of gereedskap in die hande van gemeentes is 'n projekbestuursmodel vir doelmatige en doeltreffende gemeentebestuur.

Die geloofsgemeenskap (gemeente) as ontmoetingsplek beteken volgens Dingemans (2000:228) die volgende: "een snijpunt of kruispunt tussen: God en mens; tussen christelijke traditie en en de huidige culturele situasie; tussen verlede en toekomst; tussen gemeenskap en individu; tussen instituut en beweging; tussen kerk en sameleving; tussen berusting inde feitelijkheid en geloofsvisie. Die kerk of geloofsgemeenskap is in die eerste plek .....de feitelijke, sociologiesche plaats waar God en mens, de traditie en de situatie elkaar ontmoeten. De theologie heeft de taak, die ontmoeting meer inhoud en diepte te geven" (Dingemans 2000:229).

#### 3.7.3.1 Die behoefte van die mense in die kerk

Gelowiges wil 'n ontmoeting met God in die kerk beleef. Die gemeente as geloofsgemeenskap is die plek waar die ontmoeting moet plaasvind. Die Christelike gemeenskap moet 'n egte ontmoetingsplek wees. Die realisering van die ontmoeting beteken 'n ontmoeting met as inhoud:

- Daar moet 'n egte ontmoeting plaasvind tussen God (die Roepende, Onuitspreeklike, Transendente) en die mens.
- Daar moet 'n egte ontmoeting met mekaar as gelowiges plaasvind.
- Mense wil in ontmoeting gaan om 'n antwoord op die sin van die lewe te kry – toegerus wees om ook kerk te wees buite die grense van die gemeente (by die werkplek, op die sportveld, in die sosiale omgewing ens.).

Gelowiges verwag van die kerk om die volgende aspekte van 'n ware geloofsgemeenskap aan te bied (Dingemans 2000:230-233):

- Geborgenheid. Hierdie aspek getuig van vertroue, veiligheid, warmte en rus onder mekaar. In die liturgie is die behoefte na die warmte van die intieme omgang met God.
- Gemeenskap. Hierdie aspek getuig van 'n volgehoue sorgende verhouding met ander lede in die gemeente. Hier moet die gemeente 'n gevoel oordra dat ander jou gevind het. Jy word herken en ons gaan vir jou sorg. Die gemeente moet daarvoor sorg dat daar 'n samehorigheidsgevoel onder gelowiges teenwoordig is. Gelowiges moet ervaar dat daar onderlinge toleransie is en dat daar persoonlike ruimte geskep word om as individu in persoonlike geloof te groei.
- Uitdaging. Hierdie aspek getuig van die mens se soeke na inspirasie, uitdagings en 'n nuwe lewensopdrag. Die gemeente moet mense oproep en uitdaag om anders (nuut) te leef. Hierdie nuwe lewe vestig in 'n lewe van diens aan ander in die gemeente en aan die samelewing "….is elke gemeente en elke gelowige ook geroepen tot een pastorale en missionaire dienst aan de medemens".
- Oriëntasie. Hierdie aspek getuig van die behoefte aan orde in mense se lewens. Die gemeente moet 'n plek wees waar die mense geloofsinsig moet kan ontvang. Hierdie insig word verwerf deur 'n permanente en deurlopende proses van leer.

### 3.7.3.2 Oplossings aan die mense deur die kerk

Die geloofsgemeenskap kan alleen bogenoemde behoeftes bevredig (oplossings bied) in die nakoming van die volgende funksies soos Dingemans (2000:233) dit bepleit:

- Priesterlike funksie. Dit geskied deur die aanbied van geborgenheid en die instandhouding van die geloofsgemeenskap (*Communio sanctorum*). Hierdie funksie sluit die gemeenskap met God (*Leitourgia*) sowel as die onderlinge gemeenskap (*Koinonia*), in.

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

- Profetiese funksie. Die geloofsgemeenskap moet toesien dat die boodskap verkondig word (*Kerygma*), dat beloftes (*Epangelma*) lewendig gehou word en dat lidmate opdragte/take/funksies in die vorm van dienswerk (*Diakonia*) aan mense, ontvang.
- Leraarsfunksie. Hierdie funksie het as inhoud: "Ze biedt levens- en geloofsoriëntatie op grond van het Evangelie (het kerygma)". Hierdie aspekte het 'n terapeutiese en uitdagende werking.

Die gemeente, as geloofsgemeenskap, moet daarom 'n leerkultuur skep waardeur mense toegerus word in die waarhede van die Woord. Die gemeente moet so bestuur word, dat dit word/is wat God bedoel het 'n gemeente moet wees.

Die gemeente moet daarom 'n religieuse leeringesteldheid by mense skep om 'n begeerte te kweek om die Bybel daagliks te bestudeer. As toegeruste gemeente kan die gemeente dan die behoeftes wat mense het, deurlopend aanspreek. Die taak van die kerk (soos in die eerste gemeente) begin deur die funksies van die kerk te bepaal (Handelinge 2:42). Om kerk te wees na die bedoeling van God, is die volgende funksies dus onder andere belangrik sedert die begintyd van die kerk: viering, gebed, sorg en leer. Dingemans (2000:235) voeg as vyfde funksie ook *om te handel,* by - dit is geloof in aksie: hulp aan mense deur direkte en persoonlike sorg vir mense. Hierdie funksie vind plaas deur aksies en programme in enige gegewe milieu ter bereiking van geregtigheid en vrede, plaaslik en tot in die derde wêreld.

Die kerk/gemeente se taak of funksie is daarom nie net pastoraal nie (Pieterse 1993:12-14), maar ook sosiaal (Pieterse 1993:14; Van der Ven 1993:79). Dingemans (2000:231) is duidelik oor hierdie saak: "…Geloofsgemeenschap betekent overgins in een (post)moderne samelewing niet vanzelfsprekend een levenslange, totale, alle ander gemeenschappen uitsluitende, onderlinge verbondenheid van gemeenteleden. De moderne mens leeft in meer dan één gemeenschap tegelijk. In een huwelijksgemeenschap of een familiegemeenschap; een schoolgemeenschap of een werksgemeenschap; in verenigingen, club en vele andere verbanden. En daarnaast beleeft men – op ander plaatsen en tijden – ook de geloofsgemeenschap. Religies kunnen geen totaliteitsaanspraken meer maken op hun volgelingen. Moderne mensen passen in hun leven ne eenmaal – noodgedwongen? In elk geval: met virtuositeit! – allerlei stukjes van de puzzel op een eigen wijze in elkaar. We leven in meervoud".

Om dit alles in die praktyk te realiseer, naamlik: die gemeente se taak of funksie om nie net pastoraal nie (Pieterse 1993:12-14) maar ook sosiaal (Pieterse 1993:14; Van der Ven

1993:79) kerk te wees, sal 'n veranderde verwysingsraamwerk teweeggebring moet word – "Om dat alles in praktijk te brengen, zou de christelijke gemeente veel meer een oefenplaats moeten worden" (Dingemans 2000:233).

### 3.7.3.3 Voorlopige (bestuurs) -oplossing

Om wat hierbo gesê is, prakties toe te pas, vra van die gemeente om sy leiers te bemagtig om "iets te doen". Wat egter belangrik is voordat "gedoen" kan word, is dat iets ontdek moet word wat leiers moet "wees". Leierskap gaan bo alles oor "om by mense teenwoordig te wees" – dit is die resultaat van wat ons ís voor God en voor mense (Smit 1995:36; vgl. ook Wagner 1984:73-137). Leiers moet daarom effektief wees in dit wat hulle doen (Kroon 1995:353369; Marx 1991:292-300; Hellriegel et al.1999:498-530 ). Leiers moet presies kan bepaal **wat** gedoen moet word, **hoe** dit gedoen gaan word en **verslag doen** dat dit gedoen is. Geestelike leiers moet, om effektief te wees, funksioneel begin dink (oor die gemeente) om te kan "doen". Die benutting van projekbestuur as bestuurshulpmiddel bied daarom ook aan die geestelike leier die gereedskap om effektief (doelmatig en doeltreffend) te wees.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die "doen" eers effektief is as daar bewys word wie en wat gelowiges vir ander is. Covey (1989) argumenteer dat effektiewe bestuur minder afhang van aangeleerde tegnieke en meer te doen het met geïnternaliseerde gewoontes en waardes – nie wat jy doen nie, maar wie en wat jy (*vir ander* ) is.

Die kern van geestelike leierskap is dat God besluit het om mense te help deur ander mense – die woorde wat hierdie mense sê en die dade wat hulle beplan en doen. Die gemeente moet dus daardie plek wees (word) waar mense al meer ontdek dat om die evangelie te glo, nie deur rasionele of intellektuele prosesse van oorweging en argumentering plaasvind nie, maar deurdat hulle in die lewens (die gewone en alledaagse) van ander mense sien dat hierdie dinge regtig kan werk (Smit 1995:38-39; vgl. ook Buitendag 2001:91-108).

Mense word die sterkste beïnvloed deur dit wat hulle sien in ons lewens - wanneer ons gewoon onsself is. As daar dan ook iets te sien is van die evangelie, is dit die heel beste soort getuienis waarvoor ons kan hoop. Daar moet só anders, só nuut geleef en gedoen word, tussen en met ander mense, dat daar gevra moet word na 'n verduideliking van die nuutheid, soos Christus God by ons verteenwoordig, so moet ons Hom by ander mense verteenwoordig (Burger 1995:39).

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

Die leiers moet die gemeente so begelei dat die teenwoordigheid (presensie) by ander die volgende elemente van die gemeente se kultuur (karakter) kommunikeer, naamlik:

- Deel wees van - nuut dink oor ander en lotsverbonde voel met mekaar.
- Daar wees by – die egtheid van betrokke te raak (tyd op te offer vir ander) en onbevange te luister.
- Lief wees vir – ware hulp aan mense kan nie sonder liefde plaasvind nie. Onvoorwaardelike diens aan mense is liefde – liefde soos Jesus liefgehad het.
- Entoesiasties wees oor – opgewonde oor wat die Here in en deur mense se lewens vir ander kan doen, diens aan ander in nederige afhanklikheid van God (Smit 1995:40-48; vgl. veral Greenleaf 1991:7-312).

Die wyse waarop leiers in die gemeente begeleidend sal moet optree om antwoorde vir lidmate te verskaf om waarlik kerk te wees, is 'n saak van spiritualiteit. Die gemeente sal mense moet toerus met 'n Christelike spiritualiteit – dit is om geseënd en konstruktief met ander mense te kan leef en dit is net moontlik as ons dit alles *coram Deo* (lewend voor die aangesig van God) doen. Ons kan 'n teenwoordigheid (presensie) by mense net volhou as ons voortdurend in die presensie van God leef (Burger 1995:48-49).

Die plaaslike gemeente behoort, in navolging van bogenoemde, altyd gesien te word as 'n brug (ontmoetingsplek) tussen die evangelie en die Christelike tradisie enersyds en mense en die samelewing andersyds. Dit beteken "...dat de christelijke gemeenschap eenersijds voortdurend in een maatschaplijke veranderingsproces betrokken is en tevens voortdurend op soek is naar de parel van grote waarde van het Evangelie" (Dingemans 2000:236).

## 3.8 DIE KERK: 'N SOEKE NA ALTERNATIEWE IN 'N POSTMODERNE TYD

### 3.8.1 Inleiding

Die kernvraag hier is: Wat beteken dit om gelowige, om kerk van Christus in die nuwe, sekulêre Suid-Afrika te wees? Dit is duidelik dat dit op 'n ander wyse as in die verlede sal moet gebeur. Vir die eerste keer word die kerk gedwing om ernstig te besin oor wat dit presies beteken om Christen in 'n godlose wêreld te wees. Die posisionering van die kerk behoort daarop gerig te wees om mense toe te rus om diens te lewer. Diens word volgens die Bybel nie gelewer vanuit 'n posisie van mag, invloed of geld nie. Die diens wat Christus van ons verwag, vra nederigheid, die bereidheid om ons met die swakstes in die samelewing

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

se nood te identifiseer. Dit kom eintlik neer op die begin van 'n totaal nuwe identiteit vir die kerk:

- 'n eie Christelike lewensvisie wat 'n waardestelsel insluit.
- 'n geïntegreerde Christelike lewenstyl as teenvoeter vir die hedendaagse sekulêre leefwyse.
- Kennis en vaardighede oor waar en hoe Christene in die samelewing betrokke kan raak – konkrete diensleweringsprogramme.
- Reformasie en herlewing van die kerk deur ware vernuwing
- Die deurbreking van formalisme (vormgodsdiens) na 'n godsdiens in gemeenskap met God (Van der Walt 1995:123-228; vgl. Barna 1991:69-73).

### 3.8.2 Vertrekpunt

Die invloed van die kerk se funksie het die afgelope vyftig jaar drasties agteruitgang getoon "...mensen zoeken heel sterk een eigen, persoonlijke, vorm van geloven en leven, terwijl kerken daarvoor onvoldoende ruimte geven" (Dingemans 2000:236-238).

Hierdie agteruitgang was te bespeur op die interne sowel as die publieke funksie van die kerk. Die funksionering van die kerk het meer en meer kritiek van die samelewing begin uitlok. Verder word die nut van die kerk in ons tyd bevraagteken as ons luister na enkele opmerkings, naamlik: mense beweer dat hulle godsdiens sonder die kerk kan beleef (miskien self beter); mense beweer dat die kerk hulle godsdienstige ontwikkeling en groei belemmer en dit nie bevorder nie. Hierdie enkele tendense vra besinning oor 'n nuwe ekklesiologie.
In sy soeke na 'n nuwe ekklesiologie om die rol van die kerk in 'n gesekulariseerde samelewing (wêreld) te omskryf, verkies Dingemans (2000:238-244) om na die kerk, naas ontmoetingsplek, as interpretasiegemeenskap te verwys. Dit beteken dat die kerk se primêre taak deurlopende geloofsbesinning oor fundamentele sake bly. Dit bring noodwendig spanning tussen die kerk as instituut en die geloofsgemeenskap te weeg. Dingemans (2000:243) sien die kerk as 'n gemeenskap van gewone mense (communio permixta) "...die alle goede en slechte eigenschappen met andere mensen gemeen hebben, maar zich op de een of andere wijze door God aangesproken en aangetrokken weten. De heiligheid van de kerk schuilt niet in mensen, maar in Gods roepstem, die in de christelijke geloofsgemeenschap opklinkt en in de werking van de Geest, die gebruikmakend van menselijke instituten, mensen inspireert en de ranken vruchten doet dragen".

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

Die geloofsgemeenskap (die gemeente) is die plek waarin die Gees van Christus in ons wêreld werk. Die kerk (gemeente) is daarom 'n ontmoetingsplek – ontmoeting tussen God en mens. Die hart van die geloofsgemeenskap is kommunikasie. Kommunikasie word verdeel in geloofskommunikasie en pastorale kommunikasie. Geloofskommunikasie is primêr – dit is die kommunikasie met God. Pastorale kommunikasie – dit is die kommunikasie van lede onderling (in hulle verskillende ampte en dienste) en kommunikasie met die samelewing waarin mense leef (Dingemans 2000:244). 'n Soeke na 'n nuwe ekklesiologie wat gestalte vind in 'n Christelike geloofsgemeenskap, bring voortdurend spanningsvelde na vore (Dingemans 2000:244-258).

In al dié relasies het die Christelike geloofsgemeenskap 'n brugfunksie. Aan die een kant 'n pastorale funksie en aan die ander kant 'n sosiale funksie. Die Christelike geloofsgemeenskap moet aan die een kant die lidmate met die bevrydende waarheid van die evangelie toerus (leer) en aan die ander kant die nood in die wêreld aanspreek "...de christelike gemeenschap staat tussen de overgeleverde traditie (bewaarfunctie, conserverend) en de uitdaging van de vragen en behoeften van de moderne sameleving (vernieuwing, progressie)" (Dingemans 2000:258; vgl. ook Heitink 2000:260-274, 1999:66-77; Pieterse 1993:8-15).

### 3.8.3 Enkele kerkmodelle vir die Postmoderne tyd: 'n Oorsig

'n Soeke na 'n ander ekklesiologie (kerkmodel) bring kerke noodwendig by die punt van die "selfverstaan". Dit is die punt waar elke kerk indringend en by herhaling haar eie situasie moet analiseer. Die bestuurswetenskappe bied hier 'n handige riglyn wat die kerk kan gebruik – strategiese bestuur (Hoofstuk 7). Belangrik egter vir die doel van die kerk, is om haar eie identiteit te bepaal. Dingemans (2000:270-271) gebruik Hendriks se skets wat ontleen word van Firet om die kerk te begelei om tot selfverstaan te kom.

Hy noem dit 'n hermeneutiese proses en dit volg die volgende patroon:

- Analiseer (ondersoek) die situasie (samelewing) waarin die kerk haar bevind.
- Bepaal die kerk se eie moontlikhede (sterk en swak punte).
- Bestudeer en luister na die tradisie.
- Bepaal die eie identiteit.

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

Hierdie proses kan nooit as afgehandel beskou word nie. Die aktuele selfverstaan van die kerk sal voortdurend in verskillende tye en verskillende situasies verskillend geformuleer word. Die vraag moet gevra word: watter model is in die huidige situasie die mees geskikte om reg te laat geskied aan die bevordering van die publieke (sosiale) karakter van die Christelike geloof? Anders gestel, hoe behoort 'n Christelike geloofsgemeenskap in 'n postmoderne tyd te lyk? Daar word in navolging van Heitink (2000:260-274) en Dingemans (2000:276-300) na hulle twee se voorstelle vir 'n model vir die kerk in die postmoderne tyd gekyk.

#### 3.8.3.1 Publieke karakter van die kerk

Die moderne tendens van differensiasie in ons samelewing het tot gevolg dat die kerk en die samelewing al verder en verder uitmekaar beweeg. Die kerk verloor al meer haar relevansie in en vir die samelewing. Isolasie vind plaas en die kerk word al meer na binne gerig. Die kerk sal haarself moet herposisioneer om weer publieke aanvaarding en relevansie te verwerf. Die vraag is, hoe word dit gedoen? Die inhoud van die herposisionering van die kerk sal moet bewys dat die Christelike geloof nie alleen van betekenis is vir die persoonlike lewe (in die kerk) nie, maar ook relevant is vir 'n regverdige samelewing. Hierdie relevansie sal bewys moet lewer en iets sigbaar maak van God se bedoeling met mens en samelewing (Heitink 2000:260-261).

Die oplossing wat Heitink (2000:261) as algemene beginsel stel, is dat die kerk nie alleen instituut mag wees nie, maar 'n brug moet wees na die samelewing (vgl. ook Dingemans 2000:236 & 258). Die model wat hierdie funksie die beste kan bevorder, is volgens Heitink (2000:270-274) die "Oop-Kerkmodel". Hy glo dat die beginsels van hierdie model ook vir die kerk in Suid-Afrika tot voordeel kan wees. Hy neem uit bestaande modelle "bouwstenen" en skep (stel voor) 'n nuwe kerkmodel (Heitink 2000:272).

- **Oop-Kerkmodel**.

Uit die gereformeerde model: die priesterskap van die gelowige word nie binne die kerk nie, maar daarbuite (in die gemeenskap) toegepas. Die invloed van die Christelike geloof in die samelewing is afhanklik van die insette van individuele gelowiges. Hulle raak betrokke by die maatskaplike vraagstukke van die dag en lewer as gelowiges vanuit die Woord deurdagte professionele insette. So vind daar vernuwing van die samelewing plaas. Die kerk as "voedingsbodem" rus gelowiges toe. Hier word klem gelê op die gemeente as

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

leergemeenskap. Dié leer is wederkerige leer tussen die ampte en die lidmate; tussen ouers en kinders; tussen teoloë en verteenwoordigers en ander professies. Van die kerk word gevra om 'n organisasie te wees wat mense leer en toerus op 'n basis van gedeelde ervaring (Heitink 2000:272).

Uit die hervormde model: die ontleen van "...de vrijmoedigheid voor een bescheiden vorm van christelijk spreken ten aansien van de noden en de vragen van de samenleving". Die gelowige lewer 'n bydrae op morele gebied waar die vraagstukke na die menslikheid en die kwaliteit van die lewe gevra word. Vrae oor onder andere die volgende moet op die kerk se tafel lê om antwoorde aan die gemeenskap te verskaf: genadedood en werksetiek (Heitink 2000:273).

Uit die ekumeniese model: die erkenning van die mondigheid van die moderne mens. Hier word ooreengekom met die moderne mens in sy betrokkenheid in en by die wêreld en deelname aan die aardse in die vertroue dat God by ons as mense sal wees.

Die model (Open Kerk) word deur 'n dubbele strategie gekenmerk, naamlik:

- Die gerigtheid en fokus op lidmate van die gemeente om toegerus te word as gelowiges ("...een mondig en doorleefd geloof...") tot diens aan die samelewing. Hulle moet die heil in Christus in die gemeente voorleef (modelleer) (Heitink 2000:273).
- Die gerigtheid en fokus op mense buite die gemeente (die samelewing). Die fokus val hier op die vrae en nood van die mense.

Dié model vra van die kerk om haarself te heroriënteer "...het model "open kerk" vraagt een van buite naar binnen denken". Dit is 'n denke en oriëntasie vanuit die behoefte van mense – om 'n oplossing te bied vir mense in 'n kerklike niemandsland tussen geloof en ongeloof (Heitink 2000:273). Die kern van die model is gasvryheid – liefde vir vreemdelinge (Heb. 13:2; Gen. 18; Matt. 25) "...waarin mensen zich niet zozeer als leden aan een organisatie binden maar wel op zoek zijn naar een plek, waar ervaringen gedeeld, aandacht geboden, en liefde ontvangen wordt. Een plek om werklijk op verhaal te komen" (Heitink 2000:274).

- **Rondetafel-Kerkmodel**

Geloofsgemeenskap in 'n postmoderne tyd behoort volgens Dingemans (2000:276-277) die identiteit vanuit die tafelgemeenskap te kry. Die inhoud van die model wat hy voorstel, is dat

die Christelike gemeenskap rondom 'n ronde tafel byeen behoort te kom. Die kerk as tafelgemeenskap (de tafelgemeente) streef na eenheid; 'n eie Christelike identiteit en na algemeenheid (katholiciteit). Die *notae ecclesiae* uit die Apostolicum word die doel waarna gestreef word in die model (Dingemans 2000:277).

Die inhoud van die model, gereformeerd uitgedruk, volgens Dingemans (2000:277), lui as volg: "De christelijke gemeenschap komt bijeen rondom de tafel, waar het Woord en de sacramenten centraal staan en waar de tucht wordt geoefend in de zin van: bewaking van de kwaliteit en de identiteit. Bovendien is de tafelgemeenschap gericht op de onderlinge zorg (pastoraat) en de dienst aan mens en sameleving".

Die model bied aan deelnemers die volgende as Christelike geloofsgemeenskap: die erediens. Die kerk is primêr en prinsipieel 'n ontmoetingsplek tussen God en mense en mense onderling. In die model kom die tafel as sentrale fokuspunt van die byeenkoms by. Die geloofsbyeenkoms is tafelgemeenskap en deelnemers kom daarom altyd byeen rondom 'n (ronde) tafel. Een stoel word leeg gehou in die kring rondom die tafel – simbool van die onsigbare, aanwesige Here. Alle stoele is gelyk, geen verhoogde preekstoel nie.

Die erediens het die karakter van viering deur 'n ontmoetingsdiens, gebedsdiens, preekdiens of 'n leerdiens. Die hart van die erediens is die maaltyd. Die maaltyd is nie net die gebruik van die tekens van brood en wyn wat die nagmaalsviering simboliseer nie. Elke deelnemer bring 'n egte maaltyd en deel dit met die ander. Tydens die maaltyd kan die gasheer/gasvrou 'n stukkie brood neem en die wyn omstuur om dan die " sacramenteel moment" in die erediens in te stel en so die lyding en dood van die Here Jesus Christus gedenk (Dingemans 2000:278).

Die Rondetafel-gemeenskap as ontmoetingsplek. Die Rondetafel-Kerk wil bo alles 'n ontmoetingsplek wees tussen God en die mens. Die ontmoeting tussen God en die mens in dié Christelike geloofsgemeenskap maak en skep ruimte vir die volgende: leef uit die herinnering dat Christus die Here is; dat Hy deur sy kruis en opstanding 'n totale veranderende invloed op die kerk en Christene het en tot in ewigheid sal hê (Dingemans 2000:279-286).

Die Rondetafel-gemeenskap as uitnodiging. Die uitnodiging van die gemeenskap is dat "...de ronde-tafel staat middenin de wereld waarin het gewone leven geleefd wordt..." Die kerk raak op allerlei wyses by die vrae en nood van die wêreld betrokke (Dingemans 2000:286-289).Die geloofsgemeenskap (Rondetafel-Kerk) moenie net alleen "de viering van

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

de ontmoeting" nie, maar ook die "geloofsbezinning" op 'n nuwe wyse kan laat plaasvind. Die geloofsbesinning sal moet aansluit by "de Stem van de Roepende" soos dit al eeue die geval is. Die model van Dingemans (2000:275), die Rondetafel-kerk, gaan oor "...lerende, gastvrije, en pluriforme geloofsgemeenschappen van en voor iedereen, die opzoek zijn naar een herinterpretasie van hun bronnen om een nieuwe geborgenheid, een nieuwe orientatie, en een nieuwe uitdaging te vinden voor de wereld en de mensen van morgen en die zich inzet voor mensen in nood".

- **Evaluering: 'n slotopmerking**

Hierdie oplossings (model) kan van gemeente tot gemeente, waar ook al, verskil. Dit sal egter altyd 'n denke en oriëntasie vanuit die behoefte van mense wees – dit gaan oor gewone menslike vrae en menslike nood.

By enige evaluering van 'n nuwe kerklike model is dit belangrik om as vertrekpunt die volgende vraag te vra: maak dit voorsiening vir gesonde en konstruktiewe vernuwing (Bybels verantwoordbaar), of is dit 'n model wat 'n gestadige dood gaan sterf? Kerke was deur die eeue die instrument waarvolgens God enersyds vorm en inhoud aan die geloof van gelowiges gegee het en andersyds gestalte aan die inrigting en gestalte van 'n geloofsgemeenskap gegee het. Gelowiges kan daarom met reg met die volgende vrae gekonfronteer word naamlik: wat soek gelowiges in die kerk en watter probleme word deur gelowiges in die kerk ondervind? Op dié vrae kan dan gevra word watter kerklike oplossings aangebied is. Beide Heitink en Dingemans doen die stap om nuwe kerkmodelle voor te stel as alternatiewe vir die huidige. Die modelle word gevolglik onder die vergrootglas geplaas.

- **Oop-Kerkmodel**

Heitink (2000:260-274) stel die "Oop-Kerkmodel" voor. Sy motivering grond hy op die feit dat daar 'n al groter wordende kloof tussen die kerklike en maatskaplike lewe van mense ontstaan. Die kerk verloor sy maatskaplike relevansie en word al meer en meer geïsoleerd en na binne (kerklik) gerig. Heitink (2000:260) vra tereg die vraag hoe die kerk haar publieke karakter kan terugwen? Sy voorstel grond hy op die feit dat die kerk se rol nie net vir die persoonlike geloofslewe voorsiening moet maak nie, maar ook vir 'n regverdige samelewing.

Hierdie gestalte van die kerk moet sodanig wees dat God se bedoeling met die mens en die samelewing (wêreld) duidelik sigbaar word. Die model moet vrae kan beantwoord en

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

oplossings kan voorstel rakende vrede, geregtigheid, oorlog, rykdom, armoede, welsyn, ens. Daar kan heelhartig saamgestem word dat die kerk 'n brug moet bou tussen die kerk en die samelewing ter herstel en bevordering van die publieke karakter van die Christelike geloof.

Die model, waarmee 'n mens hom kan vereenselwig, het die volgende voorstelle om te maak wat 'n bydrae tot die oplossing van die huidige situasie kan hê:

- Indiwidue moet vanuit die Woord 'n bydrae maak deur nadenke oor maatskaplike probleme en vraagstukke. Die kerk moet gelowiges voortdurend vir die taak toerus. Die gemeente moet 'n leergemeenskap skep wat vernuwing daarstel deur gedeelde ervaring. Die gelowige moet toegerus wees om gefundeerde uitsprake te kan lewer oor sake en noodkrete van die dag.
- Die model het 'n tweeledige kenmerk wat sterk ondersteun behoort te word, naamlik:

    - Die fokus op toerusting van **lidmate** om 'n volwasse geloofslewe te leef en so 'n Christelike spiritualiteit te demonstreer en te modelleer aan die samelewing;
    - Die fokus op **die samelewing** en bepaald op die nood en lewensvrae van die mense. Die kerk moet "...van buiten na binnen denken". Dit is 'n denke vanuit die behoefte van die mens, veral dié tussen die niemandsland van geloof en ongeloof.

Hierdie model waarmee nie fout gevind kan word nie, gaan uit van die beginsel van gasvryheid. Die model wil dat die kerk 'n plek ("geïndividualiseerde samenleving"- Heitink 2000:274) met 'n oop deur sal wees waarin mense hulself as lede aan 'n organisasie verbind waar ervaring gedeel word, aandag gegee word en liefde ontvang word. Die gemeenskap (geloofsgemeenskap), **Oop-Kerk**, moet 'n plek wees waar almal, lidmaat en "vreemdeling" tot verhaal kan kom. Hierdie model behoort sterk ondersteun te word.

- **Die Rondetafel-Kerkmodel**

Dingemans (2000:228-301) stel die "Rondetafel-Kerkmodel" voor. Sy motivering grond hy op die feit dat die invloed van die kerk sterk agteruitgaan as gevolg van die volgende:

- Die **publieke funksie** van die kerk is besig om te vervaag. 'n Al groter wordende kloof tussen die kerklike en maatskaplike lewe van mense ontstaan. Die kerk verloor sy maatskaplike relevansie en word al meer en meer geïsoleerd en na binne gerig.

- Die Christelike tradisie beleef 'n identiteit- en waardekrisis.
- Die kerk word as magteloos ervaar om die relevansie van die evangelie in die moderne wêreld te kommunikeer.
- Die samelewing het geen behoefte meer aan institute (kerke) wat een bepaalde geloof en lewenstyl voorskryf nie.
- Die kerk bied nie 'n forum vir meningvorming en deelnemende besluitneming aan nie.

- Die **interne kerklike funksie en relevansie** van die kerk is besig om drasties te verander.

- Ou tradisies en die geloofsbelydenis spreek mense nie meer aan nie. 'n Groot mate van outokrasie word ervaar.
- Die gesag van die ampsdraers het verdwyn.
- Deelnemende bestuur en medeseggenskap aan kerklike strukture word gevra.
- Die aanbied en vertolking van die liturgie (sang, prediking, kategese) word bevraagteken. Daar is die opvatting dat godsdiens sonder die kerk beleef kan word.
- Mense soek na 'n eie, persoonlike vorm van geloof en belewing. Daar word egter ondervind dat die kerk dit nie kan (wil) aanbied nie – 'n gebrek aan vernuwing word ervaar.

Die kerk sal moet rekening hou met die behoefte van haar eie lidmate ("geloofscommunicati") en die van die samelewing (haar publieke karakter), ("pastorale communicati") waarin sy as geloofsgemeenskap bestaan (Dingemans 2000:244). Hierdie situasie waarin die kerk haar bevind, skep spanning - spanning tussen God en mens, evangelie en kultuur, leer en lewe, gemeenskap en individu, kerk en wêreld, instituut en voorskrif, ampte en lidmate. Dingemans (2000:276-300) stel die **Rondetafel-Kerkmodel** voor wat moontlike oplossings vir die spanningsrelasies van die (post) moderne mens kan bewerk.

- **Implikasies**

Alhoewel die twee modelle tog nie dieselfde is nie streef beide modelle daarna om gestalte te gee aan die volgende skriftuurlike beginsels, naamlik eenheid, 'n eie Christelike identiteit en na katolisiteit. Die modelle streef daarna om 'n geloofsgemeenskap as ontmoetingsplek te vestig – ontmoeting tussen God en mense en mense en die samelewing waarin hulle leef en werk. Die modelle kan gevolglik daarin slaag om die ontmoeting feestelik te vier en so te

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

begin om 'n nuwe manier van aanbidding te vestig waar "almal" kan tuis voel. Die strewe van beide modelle is om die kerk weer 'n publieke karakter te gee.

## 3.9 TEOLOGIESE IDEAALSTELLING

Hierdie hoofstuk handel oor die normatiewe komponent in die ontwikkeling van 'n projekbestuursmodel vir die kerk. Die eiendomlike van die praktiese teologie lê volgens Dingemans (1990:139) veral in die normering en regulering van die Christelike praxis - dit beteken dat norme nie aan die praxis ontleen word nie, maar aan die Skrif. Dit gaan om 'n hermeneutiese proses waarin die Skrif met die oog op 'n gegewe situasie aan die woord behoort te kom (Dingemans 1990:136; vgl. ook Van der Ven 1993:41-59).

'n Duidelike oorhoofse doel (die doelstelling) van die wese van die kerk is nodig ten einde 'n projekbestuursmodel vir die gemeente te ontwikkel. Hierdie doel, ook die ideaalstellng genoem, is in enige organisasie en veral in die kerk 'n motiverende faktor wat die projekbeplanning en -implementering daarvan dryf (Hoofstuk 5, 6, 7 & 8). Die ideaalstelling of gedeelde droom (die visie) is volgens Burger (1991:37) die kern van 'n lewende en effektiewe geloofsgemeenskap. Die ideaalstelling van die gemeente bevat die teologies-skrifuurlike inhoud waaraan lidmate hulleself verbind ten einde die doel van die gemeente te bereik.
Dit is:

- 'n ideaalstelling wat teologies verantwoordbaar is.
- 'n ideaalstelling waaraan lidmate hulle verbind het - die aanvaarding van eienaarskap.
- 'n ideaalstelling waardeur die gemeente gestalte sal kan gee aan die wese van die kerk van Christus.

Gestalte word hieraan gegee deur:

- 'n Projekbestuursmodel wat doelmatigheid en doeltreffendheid vir gemeentebestuur daarstel ten einde effektief bestuur te kan word op pad na die ideaal.
- 'n Projekbestuursmodel wat 'n projek, **Projek Helder Môrester** beplan en implementeer ten einde die beginsels van projekbestuur vir die gemeente te modelleer.

Die navorsing gebruik die teologiese ideaalstelling (vgl. Smuts 1995:65-120) in die verdere hoofstukke om die doel van die kerk in terme van haar wese en kernfunksies te beskryf. Dit

University of Pretoria etd – Van den Berg, A A (2006)

vind gestalte deur praktiese toepassing van die beginsels van bestuur deur middel van projekte – **Projek Helder Môrester**.